WETENSKAPLIKE BYDRAES VAN DIE PU VIR CHO
Reeks H: Inougurele Redes Nr. 28

# DIE FUNDERING, BESTAANSREG EN NOODSAAKLIKHEID VAN VOORLIGTING

H.B. Kruger

Potchefstroomse Universiteit vir CHO
1976

# DIE FUNDERING, BESTAANSREG EN NOODSAAKLIKHEID VAN VOORLIGTING

Namate 'n volk ontwikkel, neem die eise wat aan die onderwys en opvoeding gestel word toe. 'n Meer komplekse maatskaplike en ekonomiese struktuur verwag ten regte van die onderwys om die grondslag van vooruitgang te lê. Vooruitgang in hierdie sin het op maatskaplike vlak die konnotasie van verbetering van die persoonlike en interpersoonlike lewe, en op ekonomiese vlak die optimale benutting van die mens se geroepenheid tot arbeid.

Met 'n diversiteit van persoonlikhede, vermoëns en temperamente voor hom in die klas, het die onderwyser 'n besondere roeping om aan elke kind reg te laat geskied. Sy taak word in die moderne skool verder bemoeilik, omdat hierdie kinders uit 'n groot verskeidenheid agtergronde kom, wat elk weer sy besondere neerslag op die kind se persoonlikheid het. Voeg daarby die veelheid van keuses ten opsigte van vakke, skooltipes, studierigtings en beroepe wat vandag vir die kind bestaan, en dit is vanselfsprekend dat die skool ook hier 'n besondere diens moet lewer.

Elke goeie onderwyser is in 'n sekere sin ook voorligter in soverre hy aan die kind met persoonlike en opvoedkundige probleme bystand verleen. Dit is egter ook waar dat die moderne onderwyser al hoe meer vakspesialis word, en alhoewel sy taak as opvoeder nie daardeur van minder belang word nie, het hy nie die tyd of die vakkundigheid wat nodig is om van gespesialiseerde voorligting 'n sukses te maak nie.

Ons sal in hierdie voordrag die aandag ten eerste bepaal by 'n kort bespreking van wat voorligting is; ten tweede sal die begronding van voorligting op lewensbeskoulik-antropologiese, psigologiese en opvoedkundige uitgangspunte bepaal word, en ten derde sal die noodsaaklikheid van voorligting ten opsigte van enkele samelewingstrukture bespreek word.

## WAT IS VOORLIGTING?

Voorligting is opvoeding, net soos alle opvoeding in breër sin ook voorligting is. In enger sin is voorligting 'n sielkundig- opvoedkundige interaksie tussen kliënt en voorligter. Welmenende advies, simpatie, aansporing en bemoediging is nie professionele voorligting nie.

Verskillende geleerdes lê die klem in hulle sienings van voorligting op ander

aspekte daarvan, maar alle omskrywings beklemtoon as wesenseie van voorligting dat dit 'n handeling tussen 'n hulpsoekende of hulp-behoewende en 'n hulpgewende persoon is; dat dit deel is van die hele opvoedingsprogram; dat dit berus op deskundige leiding; en dat dit tot ontplooiing van die potensialiteite van die kliënt moet lei.

Die grootste verskille tussen die diverse omskrywings van voorligting lê in die formulering van die doel daarvan, wat weer op sy beurt bepaal word deur die besondere lewensbeskouing.

Die naturalisme van Rousseau, gebou op Locke se beskouings, het gelei tot 'n naturalisties-humanistiese siening van die mens, wat die klem in voorligting bloot op groei, vryheid, eie belangstelling en aktiwiteit en selfaktualisering plaas. Teen die einde van die vorige eeu, toe John Dewey sy pragmatisme begin uitbou het, het die Opvoedkunde in Amerika van die religieuse doelstellings begin wegbeweeg[1)].

Die moderne Amerikaanse lewensopvatting van absolute individuele vryheid lei tot 'n oordrewe beklemtoning van die demokratiese ideaal. Crow en Crow verklaar byvoorbeeld dat die doel van voorligting aan die kind moet wees „to help him manage his own life activities, develop his own points of view, make his own dicisions, and carry his own burdens"[2)]. Met so 'n humanistiese klem op individuele vryheid kan wel gevra word wat die voorligter in die prentjie soek.

Stoops en Wahlquist wil dat voorligting die individu sodanig tot die maksimum van sy moontlikhede laat ontwikkel dat dit tot die beste voordeel van homself en die gemeenskap sal wees[3)].

Maar die moderne Amerikaanse opvatting kom die beste na vore in Mortensen en Schmuller se formulering dat voorligting daartoe moet lei dat elke individu sy vermoëns maksimaal kan ontwikkel ter bereiking van die demokratiese ideaal[4)].

Hierdie siening van die doel van voorligting lê in lyn met die siening van die doel van onderwys en opvoeding in die algemeen. Ons wil daarom verklaar dat die doel van voorligting nie humanisties mag wees nie, maar dat dit moet uitloop op die verheerliking van God. Daarom sien ons voorligting as dié georganiseerde deel van die opvoedkundige program en opvoedingsproses wat persoonlike geleenthede en gespesialiseerde personeeldienste voorsien, waardeur die kind in individuele of groepsverband gehelp word tot die ontdekking en ontwikkeling van sy vermoëns, sodat hy as volwaardige mens sy roeping as gelowige tot eer van God kan vervul.

## DIE BEGRONDING VAN VOORLIGTING

### Die lewensbeskoulik-antropologiese begronding

Waar daar aan elke wetenskapsbeskouing sekere voor-wetenskaplike uitgangspunte ten grondslag lê, geld dit in 'n besondere mate vir die Opvoedkunde met sy normatiewe karakter. In Voorligting, as deeldissipline van die Opvoedkunde, is dit van nog groter belang, omdat dit hier ten eerste gaan om die persoonlike en opvoedkundige ontwikkeling van die kind tot volwaardige volwassene. Die lewensbeskoulike uitgangspunte van die voorligter is van besondere belang, omdat dit die toepassing van sy wetenskaplike denke en arbeid kleur.

Saam met Stoker[5] sien ons lewens- en wêreldbeskouing as die geheel van antwoorde of oortuigings van die mens aangaande fundamentele vrae betreffende die oorsprong, sin, bestemming, doel en waarde van mens en wêreld en van hul verhouding tot God (of iets wat afgodies in die plek van God gestel word).

Word daar dus oordrewe klem gelê op die vryheid van die mens, moet hierdie liberalistiese beskouing die werk van die voorligter noodwendig beïnvloed. As Carl Rogers verklaar dat alle berading nie-direktief moet wees, word die onvolwassenheid van die kind en die gebrekkige insig van die ouer kliënt daardeur misken en berus hierdie siening op 'n humanistiese mensbeskouing. Die hele bestaansreg van opvoeding kom só in die gedrang, omdat daar van die standpunt uitgegaan word dat die kind in homself die vermoë het om tot oplossings van al sy probleme te kom.

In 'n tydvak waarin groot en selfs oordrewe bewondering vir die tegnologiese vooruitgang gekoester word, word die religieuse en etiese beginsels in die opvoeding en onderwys maklik gering geskat. Ons het in Suid-Afrika die voorreg dat daar in die wetboek staan dat die onderwys onder andere 'n Christelike karakter moet hê. In Amerika, waar die onderwys neutraal is – en de facto dus onchristelik – het die neutralisme ook sy neerslag in voorligting, sodat Humphreys[6] selfs vra: „Does the counsellor run a risk of public condemnation if he answers a student's questions about religion or refuses to answer them? ".

Waar ons aan hierdie Universiteit ook Voorligting as Christelike wetenskap wil beoefen, en die wetenskaplike bevindings ook in die praktyk wil toepas, is dit nodig om sekere lewens- en wêreldbeskoulike uitgangspunte duidelik te stel.

As eerste beginsel geld die Woordopenbaring van God, waarop die geloof aan skepping, sondeval, verlossing en herskepping deur Jesus Christus gefundeer is. Ons glo dat die Woord van God sy lig werp op die hele wêreld, oor die mens se hele lewe en alles wat hy doen. Ons kan dus nie anders as om die

wetenskap *In U lig* te beoefen nie.

Van besondere belang vir die vakwetenskap Voorligting is die Christelik-Calvinistiese mensbeskouing. Ons glo dat die sin van die mens se bestaan daarin lê dat hy geskape is om God te verheerlik. Alhoewel goed geskape, het die mens in sonde geval en die sonde en die kwaad leef voort en is sigbaar. Uit hierdie sondegevallenheid word die mens alleen verlos deur die soendood van Christus, wat die mens in die geloof aanvaar en bely. Christusaanvaarding bevry die mens van die heerskappy van die sonde. Die mens is dus alleen vry binne die Wet en ware menslike vryheid is slegs moontlik met die beantwoording aan sy God gegewe bestemming; die aan God verantwoordelike roepingsvervulling [7]. Die vryheid van keuse in die voorligtingsituasie bly dus altyd vryheid binne die eise van God se Woord en is geen absolute humanistiese, liberalistiese of eksistensialistiese vryheid nie.

**Psigologiese begronding**

Voorligting het benewens die lewensbeskoulike begronding ook 'n psigologiese fundering. Deur die Psigologie word sekere algemene waarhede aangaande die mens as fisies-psigies-geestelike wese gesistematiseer en aan die Opvoedkunde diensbaar gestel. In velerlei opsig is die keninhoud nie die bona fide prerogatief van die Psigologie nie, omdat die kind objek is van die wetenskaplike arbeid van sowel die psigoloog as die opvoedkundige. Ons let dus slegs op enkele psigologiese funderings wat vir voorligting van basiese betekenis is.

Die erkenning van individuele verskille tussen mense is van besondere belang vir voorligting. Daar kom binne die geledere van volke, rasse en kultuurgroepe ooreenkomste voor ten opsigte van fisiese en psigiese eienskappe, sodat dit moontlik is om gemiddeldes ten opsigte van sekere verskynsels te bepaal, byvoorbeeld lengte, massa en intelligensie. Tog is elke mens 'n unieke mens met 'n eie persoonlikheid. En in die bestaan van die unikum lê die rasionaal van voorligting, want 'n keuse wat vir een kind goed is, is vir 'n ander minder goed, en eise wat vir een kind billik is, is vir 'n ander onbillik.

„En aan die een gee hy vyf talente en aan die ander twee en aan die ander een..." (Matth. 25:15).

Afgesien van interindividuele verskille is daar ook intra-individuele verskille, wat meebring dat daar binne die persoonlikheidskonstellasie van die mens 'n verskeidenheid van vermoëns, aanlegte, belangstellings en intelligensiemomente is. Hierdie intra-individuele diversiteit plaas 'n besondere verantwoordelikheid op die onderwyser en veral op die voorligter.

Die mens, die kroon van God se skepping, is by geboorte 'n absoluut hulpelose wese in wie se behoeftes andere moet voorsien. Gaandeweg verminder die hulpeloosheid, maar enkele basiese behoeftes bly veral tydens die kinder-

jare belangrik.

* Die behoefte aan liefde en onvoorwaardelike aanvaarding is waarskynlik die mees fundamentele van alle menslike behoeftes. Dit is primêr die taak van die ouerhuis, maar voldoening aan hierdie behoefte lê ook op die terrein van die skool.
* Die behoefte aan veiligheidsbelewing, aan geborgenheid, aan sekuriteit. Negering of selfs ontkenning van hierdie behoefte deur die ouers of die onderwyser kan tot ernstige persoonlikheidsversteurings by die kind lei.
* Die behoefte aan erkenning, goedkeuring en aanvaarding. Die mens – kind en volwassene – wil ervaar dat hy as mens in eie reg erken en gerespekteer word. Daarom moet die opvoeder met hierdie behoefte rekening hou.
* Die behoefte aan selfverwesenliking, onafhanklikheid en verantwoordelikheid is 'n basiese behoefte by die kind en jongmens, maar is ook een van die belangrikste motiveringsfaktore by die optrede van die volwassene.

Voldoening aan hierdie behoeftes is die basis van die geestesgesondheid van die kind – 'n faset van die opvoeding waarmee die voorligter hom besonderlik bemoei, veral in die beradingsituasie.

**Opvoedkundige begronding**

Omdat die voorligter as opvoeder sy roeping vanuit 'n besondere lewens- en wêreldbeskouing beoefen, word sy siening van die kind en van sy taak deur sy voorwetenskaplike uitgangspunte bepaal en moet hy in sy roepingsvervulling sekere opvoedkundige uitgangspunte voorop stel.

* Alhoewel 'n andersoortige opvoedingsituasie, is voorligting wesenlik opvoeding. Op watter wyse die opvoeder ook al met die kind te doen het – dit bly steeds 'n opvoedingsituasie wat bedoel is om uit te loop op die bereiking van die hoogste doel van opvoeding, naamlik steeds groter gehoorsaamheid aan die eise van die Woord van God.
* In voorligting gaan dit altyd om die hele kind by wie daar liggaamlike, psigiese en geestelike komponente te onderskei is, maar by wie hierdie fasette nooit van mekaar geskei kan word sonder om sy menslikheid te degradeer tot die som van die dele nie.
* In voorligting – en in besonder in die beradingsituasie – moet die kind as medeskepsel met respek en waardigheid bejeen word, al is dit so dat die neerslag van die sonde dikwels ontstellend duidelik na vore kom. Die voorligter wat van die Christelik-Calvinistiese lewensbeskouing uitgaan sien die kind altyd as medemens en medesondaar oor wie geen oordeel uitgespreek mag word nie, maar aan wie in nederige verantwoordelikheid 'n helpende hand gereik moet word.
* Die kind moet in die voorligtingsituasie gesien word as onvolwasse en onmondige mens aan wie die opvoeder leiding moet gee. Dus geen humanistiese

of liberalistiese vryheid van keuse nie, maar voorligting en leiding wat bestem is om die kind te bring tot groter verantwoordelikheid en uiteindelike selfstandige, verantwoordelike keuse.

Ná die voorafgaandebespreking van die lewensbeskoulike, psigologiese en opvoedkundige grondslae van voorligting moet nou aandag gegee word aan dié opvoedingsterreine wat die bestaan van behoorlike professionele voorligting in die formele opvoedkundige opset noodsaaklik maak. Ons onderskei hier drie terreine, naamlik behoeftes ten opsigte van

(a) die persoonlikheidsontwikkeling van die kind,
(b) die opvoedkundige terrein en
(c) die beroepsaspek.

## DIE NOODSAAKLIKHEID VAN VOORLIGTING TEN OPSIGTE VAN DIE PERSOONLIKHEIDSONTWIKKELING VAN DIE KIND

* Eise wat aan die skool gestel word ten opsigte van die kind se persoonlikheidsontwikkeling.

Alhoewel die opvoeding van die kind eerstens die taak van die ouerhuis is, is dit ook die primêre taak van die skool. Veral waar die opvoedingsfilosofie gegrond is op die Calvinisties-Christelike lewens- en wêreldbeskouing moet die aksent op opvoeding geplaas word, sonder om die onderwysaspek daardeur gering te skat.

Die eise wat die moderne maatskappy aan die opvoedingstaak van die skool stel, word al hoe hoër na mate die positiewe opvoedingsinvloed van die ouerhuis in die algemeen afneem. Vir hierdie afname is verskeie faktore verantwoordelik: toenemende kerklosheid en kerkloosheid wat kulmineer in ontkerstening, dekadente morele standaarde, verafgoding van ekonomiese vooruitgang met die gepaardgaande onttrekking van die vader en veral die moeder uit die gesinsituasie ter wille van materiële voordeel, die degradering van die mens as gevolg van die tegnokrasie, kulturele vervlakking, verflouing van werklike waardes en 'n lewensinstelling van gemaksug waar ook in die opvoeding van die kind bloot die weg van die minste weerstand gevolg word.

Hierdie verskynsels, en nog vele ander, bring mee dat die skool reeds vandag in 'n groot mate die opvoedingstaak van die huis moes oorneem. In werklikheid is die feit dat Jeugweerbaarheid as formele program in ons skole aangebied moet word reeds 'n aanklag teen die opvoedingswerk van die ouerhuis.

Aan die ander kant kan die ouer selfs in sy beste opvoedingspogings fouteer en kan daar ten opsigte van die voldoening aan die basiese behoeftes van die kind probleme ontstaan wat professionele hulp noodsaak. Daarvan getuig die afspraakboeke van kinderleidingklinieke en institute maar te duidelik. Die

ironie is egter dat hulp in baie gevalle alleen gesoek word nadat die probleem by die skool geïdentifiseer is; die ouer was dus óf onbewus van die persoonlikheidsprobleem van die kind, óf het dit nie as ernstig beskou nie.

Waar die skool as instituut hom professioneel met die opvoeding van die kind besig hou, lê dit direk op die terrein van sy opvoedingsopdrag om die kind in sy gesonde persoonlikheidsontwikkeling by te staan.

* Die taak van voorligting ten opsigte van die persoonlikheidsontwikkeling van die kind.

Vanselfsprekend lê dit op die terrein van elke onderwyser om die kind in sy persoonlikheidsontwikkeling by te staan, maar elke onderwyser sal erken dat daar soms gevalle voorkom waarmee nóg hy nóg die skoolhoof raad weet. Nou wil ons nie voorgee dat die voorligter 'n soort superspesialis is wat vir elke probleem 'n oplossing het nie. Die feit is egter dat sommige probleme groter vakkundigheid by die opvoeder vereis – eise waaraan die goeie voorligter moet voldoen.

Die voorligter moet beskikbaar wees vir leerlinge wat uit eie beweging na hom wil kom of wat deur kollegas, ouers en ander instansies na hom verwys word. Hy moet die probleem kan identifiseer en diagnoseer en moet aanbevelings ten opsigte van die terapie kan doen, of so nie die betrokkenes na iemand anders kan verwys.

Persoonlikheidsvoorligting het egter nie net diagnostiese en terapeutiese aspekte nie, maar ook 'n preventatiewe doel, wat met individuele, maar veral met groepvoorligting nagestreef word. 'n Ewewigtige en suiwer lewensbeskouing, gepaard met 'n grondige kennis van die kind en 'n hoë mate van persoonlike geestesgesondheid is onontbeerlike kwalifikasies vir die voorligter wat persoonlikheidsvoorligting moet doen.

## DIE NOODSAAKLIKHEID VAN VOORLIGTING TEN OPSIGTE VAN DIE OPVOEDKUNDIGE ONTWIKKELING VAN DIE KIND

* Eise wat aan die skool gestel word ten opsigte van die opvoedkundige ontwikkeling van die kind.

Afgesien van die didaktiese en algemeen-opvoedkundige taak van die skool, moet hy ook voldoen aan die besondere behoeftes wat die kind in die opvoedingsituasie het. Dit is te begrype dat hierdie aspek nie los staan van die persoonlikheidsontwikkeling van die kind, of van die beroepsvoorligtingsaspek nie en op verskillende punte daarmee vervleg is.

Die kind eis van die skool baie duidelike leiding ten opsigte van kurrikulêre,

didaktiese en algemeen-opvoedkundige probleme en situasies. Met die nasionale beleid van gedifferensieerde onderwys het opvoedkundige voorligting midde in die brandpunt te staan gekom, omdat keuse van skooltipe, vakkeuse, studierigting en matrikulasievrystellingsvereistes vir ouer en kind van soveel belang geword het dat die kind se hele toekoms in baie gevalle daarmee op die spel kom.

Op didakties-opvoedkundige terrein is dit die taak van die skool om aandag te gee aan probleme wat die kind ervaar ten opsigte van spesifieke vakke, onderwyser-kindverhoudingsprobleme en veral aan skolastiese onderprestasie, wat in baie gevalle lei tot ontmoediging, verlies aan belangstelling en die ontstaan van apatie by die kind, wat ten slotte onder andere kulmineer in verlore mannekrag.

Die skool is ook verantwoordelik om die kind voor te lig ten opsigte van studiehouding en studiemetodes. Tekorte en afwykings op hierdie terrein word deur ondersoekers aangedui as een van die belangrikste redes vir skolastiese wanprestasie.

Hughes[8)] vat die eis van opvoedkundige voorligting soos volg saam:
„In the case of the comprehensive system at the middle-school stage a system of guidance is not only desirable; it is imperative".

* Die taak van voorligting ten opsigte van die opvoedkundige ontwikkeling van die kind.

Dit lê sentraal binne die opdrag van die skool om aan die kind opvoedkundige leiding te verskaf ten opsigte van sake wat hierbo genoem is. Baie aspekte van wat genoem is, kan ondervang word deur die onderwyser wat dit hom erns maak met sy opvoedingstaak. Maar wanneer daar werklik deskundige leiding aan die ouers en die kind gegee moet word oor byvoorbeeld die skooltipe wat die kind ná sy primêre skoolloopbaan moet bywoon en watter studierigting en vakke hy moet kies, dan veronderstel hierdie keuse advies gegrond op professionele kundigheid van die kind se persoonlikheid, vermoëns, aanleg en belangstellings. Dit kan alleen verskaf word deur 'n behoorlik-opgeleide opvoedkundige voorligter wat ter wille van die doelmatige uitvoering van sy taak ook die nodige tegniese middele soos toetse tot sy beskikking het en die resultate van sulke toetse kan interpreteer en aan die ouers en die kind kan vertolk.

Maar ook wat die hantering van algemeen-opvoedkundige probleme soos onderprestasie, studiemetodes en inskakeling in die skoolsituasie betref, is deskundige professionele hulp binne die interne struktuur van die skool 'n noodsaaklike vereiste.

Die huidige Transvaalse skool skiet in hierdie opsig ernstig te kort in sy taak

en dit word gehoop dat die saak met bekwame haas reg gestel sal word. Die saak is te ernstig en die omstandighede te veeleisend om te verwag dat alleen die personeel van skoolklinieke hier hulp moet verleen.

## DIE NOODSAAKLIKHEID VAN VOORLIGTING TEN OPSIGTE VAN DIE BEROEPSASPEK

* Eise wat aan die skool gestel word ten opsigte van beroepsvoorligting.

Dit sou 'n onverantwoordelike pligsversuim van die skool wees om 'n leerling ná 10 of 12 jaar se opvoeding en onderwys aan homself oor te laat by die keuse van 'n beroepstoekoms. Van al die instansies is die skool die beste toegerus om die leerling in 'n keuse van 'n beroep en wat daarmee saamhang, by te staan, omdat die skool 'n groot hoeveelheid geakkumuleerde inligting oor die persoonlikheid, vermoëns, aanleg en belangstellings van die kind het. Beroepsvoorligting het in der waarheid reeds 'n besliste rol begin speel toe die kind 'n keuse van 'n sekondêre skool gemaak het. Dit moet beklemtoon word dat beroepsvoorligting nie 'n insidentele gebeure is nie, maar 'n deurlopende bemoeiing met die kind deur vakonderwyser, skoolhoof en veral die voorligter.

Dit is seker nie 'n omstrede stelling nie as ons beweer dat voorligting ten opsigte van beroepstoekoms tot dusver in ons skole erg verwaarloos is. Die implikasies daarvan is nie altyd duidelik te bepaal nie. Dit is egter vasgestel dat 'n duidelike beroepsperspektief 'n sterk motiveringswaarde ten opsigte van skolastiese prestasie vir die skoolkind het. Die vraag is ook in watter mate gebrekkige voorligting – formeel en informeel – daartoe gelei het dat die Afrikaanssprekende so 'n groot agterstand het in sekere professionele beroepe. By wyse van voorbeeld kan die volgende gegewens uit die RGN se verslag oor gegradueerde mannekrag aangehaal word[9]. Die syfers het betrekking op die situasie soos op 30 November 1970. Ten spyte van die feit dat die Afrikaans-Engels-bevolkingsverhouding in Suid-Afrika ongeveer 60 : 40 is, is daar in totaal meer Engelssprekende gegradueerdes as Afrikaanssprekende gegradueerdes in Suid-Afrika. Ten opsigte van 'n eerste Baccalaureusgraadkwalifikasie was die persentasieverhouding ten opsigte van mans in 1970 soos volg:

* Vir ingenieurswese: 28% Afrikaanssprekendes teenoor 72% Engelssprekendes
* Vir medies: 37% Afrikaanssprekendes teenoor 63% Engelssprekendes
* Vir geesteswetenskappe: 70% Afrikaanssprekendes teenoor 30% Engelssprekendes.

* Vir landbou: 72% Afrikaanssprekendes teenoor 28% Engelssprekendes.

Die skool moet daarmee rekening hou dat nuwe beroepe daagliks by die beroepsindeks bykom. In die VSA word byvoorbeeld verwag dat 50 persent van die beroepe wat in 1990 beoefen sal word, vandag nog nie bestaan nie. Die kind moet daarom ook voorberei word om ten opsigte van persoonlikheidsvereistes voorbereid te wees om in 'n veranderende beroepswêreld in te tree, eerder as om slegs afgerig te word in spesifieke beroepsbekwaamhede. In dié verband is ons huidige onderwysopset nog te veel daarop ingestel om starheid van denke en 'n eng beroepsvisie te kweek.

* Die taak van voorligting ten opsigte van die kind se beroepstoekoms.

Dit moet beklemtoon word dat die voorligter se werk nie net beroepsvoorligting is nie; beroepsvoorligting kan immers nie losgemaak word van persoonlikheidsvoorligting en opvoedkundige voorligting nie. Alle voorligting moet daarop afgestem wees om die kind voor te berei om later as volwasse mens sy roeping op waardige wyse op watter lewensterrein ookal te vervul.

Voorligting moet binne die raamwerk van die skool voorsiening maak vir gespesialiseerde personeel wat met behulp van toetse, tegniese hulpmiddels en onderhoude aan die kind en sy ouers voorligting kan verskaf oor skoolkeuse, studierigting en vakkeuse, na-skoolse studie, beroepsvereistes en beroepsmoontlikhede. Dié diens moet 'n deurlopende diens en tot beskikking van alle leerlinge wees. Alleen só sal die skool kan verklaar dat hy die kind ook waarlik tot diens was en nie maar net ingestel was op soveel eersteklasse en soveel onderskeidings nie.

Mag ons in die Republiek van Suid-Afrika besef dat hier 'n groot toekoms vir ons kinders wag; 'n toekoms met baie moontlikhede op materiële gebied. Maar mag ons ook besef dat ekonomiese vooruitgang sy tol eis op maatskaplike, kulturele en religieuse gebied. En mag ons as opvoedkundiges en opvoeders ons taak duidelik sien volgens die Christelik-Nasionale beginsel om die kind op te voed tot volwaardige volwassene met 'n duidelik geformuleerde lewensdoel. Om hierdie opdrag en roeping uit te voer wil ons aan hierdie universiteit voorligting as Christelike wetenskap beoefen en voorligters oplei wat hulle taak sal sien as 'n roeping tot eer van God.

**VERWYSINGS**

1) CROW, L.D. & CROW, A. 1960. An introduction to guidance. New York, American Book Co. p. 3-4.

2) Ibid., p. 14.

3) STOOPS, E. & WAHLQUIST, G.L. 1958. Principles and practices in guidance. New York, McGraw-Hill. p. 3.

4) MORTENSEN, D.B. & SCHMULLER, A.M. 1966. Guidance in today's schools. New York, Wiley. p. 3.

5) STOKER, H.G. 1969. Beginsels en metodes in die wetenskap. Johannesburg, De Jong. p. 113.

6) HUMPHREYS, J.A. e.a. Guidance services. Chicago, S.R.A. p. 402.

7) STOKER, Ibid., p. 130.

8) HUGHES, P.M. 1971. Guidance and counselling in schools. Oxford, Pergamon Press. p. 202.

9) SUID-AFRIKA (Republiek). Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing. 1972. Instituut vir Mannekrag navorsing. Verslag nr. MM:36. Gegradueerde mannekrag van Suid-Afrika. Pretoria.